GRONDWET

1. NAAM VAN DIE VERENIGING

1.1 'n Vrywillige VERENIGING met ewigdurende opvolging, genoem "Die Suid-Afrikaanse Mangokwekersvereniging", word hierby ooreenkomstig hierdie grondwet in die lewe geroep.

1.2 Die bepalings van hierdie grondwet geld van die datum van aanvaarding daarvan op 'n Algemene Vergadering van lede.

1.3 Die Engelse teks is die grondwet en die Afrikaanse teks 'n vertaling daarvan. Indien die twee tekste bots, geniet die Engelse teks voorrang.

1.4 Die VERENIGING het geen winsoogmerke nie en beoog ook geen ander geldelike voordele vir sy lede nie.

1.5 Die VERENIGING het die bevoegdheid om in eie naam en onafhanklik van sy lede, eisend en verwerrend op te tree en om roerende en onroerende eiendom of enige belange of regte daarin, te verkry, te besit, te bestuur en van die hand te sit.

2. DOELSTELLINGS VAN DIE VERENIGING

Die doelstellings van die VERENIGING is:

2.1 Om fondse in te samel wat moontlik nodig kan wees vir die bevordering van die doelstellings van die VERENIGING deur middel van 'n heffing op alle vrugte wat deur lede verhandel/verkoop word en van ledegeld betaalbaar deur medelede.

2.2 Om saakkundige leiding te verskaf oor en as instrument op te tree in verband met die mangobedryf, om praktiese diens aan sy lede te lewer en hulle te beskerm teen enige onbillike maatreëls wat hulle nadelig kan raak, om sake in belang van lede te bespreek, om besluite te neem en om stappe te doen ter uitvoering van sodanige besluite.

2.3 Om inligting in te win en onder sy lede te versprei in verband met die voortplanting, hantering, verpakking en bemarking van mango's.

2.4 Om grondig ondersoek in te stel na enige aangeleenthede wat die mangobedryf raak en om inligting wat moontlik vir sy lede van waarde kan wees, in te win, te verwerk en te versprei.

2.5 Om sodanige regstappe te doen as wat wenslik kan wees vir die beskerming en bevordering van die regte en belange van lede en van die bedryf in geheel.

2.6 Om sodanige wettige stappe te doen as wat wenslik is om die vraag na mango's op alle gebiede te bevorder.

2.7 Om konferensies en ander byeenkomste te reël en te hou vir die voordra van referate en die bespreking van onderwerpe in verband met die handel en om aanbevelings te doen oor sake wat die gesamentlike optrede van die mangobedryf verg. Voorts om die nodige reëlings met die betrokke Staatsdepartemente en die georganiseerde landbou te tref vir die uitvoering van sodanige aanbevelings.

2.8 Om die mangobedryf se navorsingsbehoeftes en -prioriteite te bepaal en om navorsing wat binne die bedryf se finansiële vermoë is, van stapel te laat loop en te koördineer.

2.9 Om die georganiseerde landbou te affilieer.

2.10 Om alle dinge te doen wat geheel en al of gedeeltelik verband hou met of bevorderlik is vir die verwesenliking van die doelstellings hierbo uiteengesit.

3. EIENDOMSREGTE VAN LEDE EN BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID

3.1 Geen lid het uit hoofde van sy lidmaatskap enige reg, eiendomsreg of aanspraak op of belang by enige eiendom van die VERENIGING nie.

3.2 Die aanspreeklikheid van enige lid van die VERENIGING vir enige verpligting van die VERENIGING is beperk tot die ledegeld wat gedurende 'n enkele boekjaar deur hom betaalbaar is.

4. LEDEGELD

4.1 Aansoek om lidmaatskap van die VERENIGING moet skriftelik by die Sekretaris van die VERENIGING gedoen word op die toepaslike aansoekvorm.

4.2 Alle persone wat mango's daadwerklik kommersieel verbou, kom in aanmerking vir gewone lidmaatskap van die VERENIGING.

4.3 Agente en verwerkers/vervaardigers wat lede se mango's daadwerklik hanteer, kom in aanmerking vir medelidmaatskap sonder stemreg, behalwe in sodanige onderkomitees waarin hulle deur die Bestuurskomitee aangestel word.

4.4 'n Erelid is iemand wat hom onderskei het en wat die VERENIGING wil vereer vir voortreflike diens aan die mangobedryf gelewer en so 'n persoon betaal geen ledegeld of heffings nie.

4.5 Die Bestuurskomitee het die reg om, gebaseer op hierdie grondwet, aansoeke om lidmaatskap te aanvaar of om sodanige aansoeke te weier sonder om enige rede daarvoor te verstrek.

4.6 Die Sekretaris stel elke aansoeker so gou as moontlik van die Bestuurskomitee se besluit in kennis.

5. BEDANKING, SKORSING EN UITSETTING

5.1 'n Lid kan te eniger tyd bedank, maar moet twee maande skriftelik kennis aan die Sekretaris gee van sy voorneme om aldus te bedank.

5.2 'n Lid kan kragtens klousule 9.9.3 van hierdie grondwet geskors of uit die VERENIGING gesit word.

5.3 'n Lid wat 'n bepaling van hierdie grondwet herhaaldelik oortree of wat weier om aan 'n bepaling daarvan te voldoen of 'n verpligting na te kom wat hom deur die VERENIGING opgelê word, kan as lid geskors word vir 'n tydperk deur die Bestuurskomitee bepaal, maar wat hoogstens tot die datum van die eersvolgende Algemene Jaarvergadering sal duur.

5.4 Alle uitsettings/skorsings deur die Bestuurskomitee moet aan die Algemene Jaarvergadering vir oorweging en goedkeuring voorgelê word.

5.5 Enige lid wat geskors of uitgesit word nie, tensy hy vooraf skriftelik van die Bestuurskomitee se voorneme om hom te skors in kennis gestel is. Die kennisgewing aan sodanige lid moet die volgende besonderhede vervat:

(a) Die rede vir die voorgestelde skorsing of uitsetting; en

(b) 'n Tyd wanneer en 'n plek waar die lid persoonlik, met of sonder getuies, voor die Bestuurskomitee kan verskyn of waarheen hy 'n skriftelike verklaring, wat deur homself onderteken is en waarin sy besware teen die voorgestelde skorsing of uitsetting uiteengesit word, kan stuur.

5.7 Die VERENIGING moet, indien daar besluit word om 'n lid te skors of uit te sit, hom skriftelik in kennis te stel van:

(a) Die datum waarop sy skorsing of uitsetting in werking tree;

(b) Die tydperk van skorsing; en

(c) Die dissiplinêre stappe wat gedoen sal word.

6. STEMMING DEUR LEDE

6.1 Elke gewone lid wat sy heffings betaal het, is geregtig op een stem op enige Algemene Vergadering.

6.2 Geen lid wie se heffings nog uitstaande is, het stemreg nie.

6.3 Geen ander lid of verteenwoordiger het stemreg nie.

6.4 'n Gewone lid wie se heffings ten volle betaal is, kan enige gemagtigde persoon aanstel om namens hom op 'n Algemene Vergadering van die VERENIGING te praat en te stem; met dien verstande dat:

(a) Sodanige lid nie geregtig sal wees om meer as een gevolmagtigde aan te stel nie;

(b) Dieselfde persoon nie as gevolmagtigde vir meer as drie lede of verteenwoordigers mag optree nie;

(c) 'n Gevolmagtigde nie meer as vyf en twintig persent van die stemme wat op 'n Algemene Vergadering uitgebring word, mag uitbring nie.

7. DIE BESTUURSKOMITEE, VOORSITTER EN VISE-VOORSITTER

7.1 Die VERENIGING word geadministreer en beheer deur die Bestuurskomitee, wat uit hoogstens 15 lede bestaan en die verskillende produksiegebiede verteenwoordig wat deur die Bestuurskomitee, in ooreenstemming met die behoeftes van elke streek en die bedryf in geheel, omskryf word.

7.2 Slegs lede van die VERENIGING of persone wat behoorlik deur lede aangestel is om hulle te verteenwoordig, kan verkies word om in die Bestuurskomitee te dien.

7.3 Lede onder klousule 7.1 word deur 'n meerderheidstem op Streekvergaderings verkies, wat voor 31 Julie elke jaar gehou word. Die sekretaris stuur kennisgewings uit en hou behoorlik notule van sodanige vergaderings.

7.4 Die Voorsitter en Vise-voorsitter word deur die Bestuurskomitee op sy eerste vergadering na die Algemene Jaarvergadering verkies.

7.5 Komiteelede doen drie jaar ononderbroke diens. Uittredende lede moet deur lede uit dieselfde streek vervang word.

7.6 Die aanstelling van lede van die Bestuurskomitee is onderworpe aan goedkeuring deur die Algemene Jaarvergadering van die VERENIGING.

8. VERGADERINGS EN PROSEDURE VAN DIE BESTUURSKOMITEE

8.1 Die Bestuurskomitee vergader so dikwels as wat die sake van die VERENIGING vereis.

8.2 Vyf lede maak 'n kworum uit op 'n vergadering van die Bestuurskomitee.

8.3 Die Voorsitter of, in sy afwesigheid, die Vise-voorsitter sit voor op vergaderrings van die Komitee. In die afwesigheid van albei kies die Komitee 'n lid tot Voorsitter vir die betrokke vergadering.

9. PLIGTE EN BEVOEGDHEDE VAN DIE BESTUURSKOMITEE

9.1 Die sake van die VERENIGING word behartig deur die Komitee kragtens hierdie grondwet en die besluite van die Algemene Jaarvergadering. Die Komitee voer die doelstellings van die VERENIGING uit en bo en behalwe die bykomende bevoegdhede hierin aan hom verleen, oefen die Komitee ook die volgende bevoegdhede namens die VERENIGING uit:

9.2 Om kontrakte namens die VERENIGING te sluit en om regsgedinge namens die VERENIGING in te stel, of te laat instel, te verdedig, of te laat verdedig, te skik of te laat vaar en om enige regsgedinge teen die VERENIGINGING te verdedig of te skik;

9.3 Om die ondertekening van enige dokument namens die VERENIGING te magtig.

9.4 Om onder- en/of ad hoc-komitees aan te stel en hulle opdrag en bevoegdhede te omskryf en om enige van dié bevoegdhede aan sodanige onderkomitees en/of ad hoc-komitees te delegeer.

9.5 Om die fondse en ander eiendom van die VERENIGING te ontvang, te administreer en aan te wend, om fondse wat nie onmiddellik deur die VERENIGING benodig word nie, te belê en om sodanige belegging te verander of tot geld te maak.

9.6 Die Bestuurskomitee het die bevoegdheid om personeel aan te stel en hulle salarisse en pligte te bepaal. Die Komitee het ook die reg om werknemers te skors of te ontslaan.

9.7 Die Komitee sorg dat daar met 'n goedgekeurde boekhoustelsel begin en volgehou word.

9.8 Die Komitee sorg dat notule gehou word van verrigtinge op alle amptelike vergaderings van die Bestuurskomitee, onderkomitees, ad hoc-komitees en algemene Vergaderings en sodanige notule moet besonderhede van die verrigtinge op sodanige vergaderings in behoorlike volgorde bevat. Die notule van elke vergadering word op die daaropvolgende vergadering voorgelê, en indien goedgekeur as korrek, deur die handtekening van die Voorsitter van sodanige vergadering bekragtig.

9.9 Die Komitee het die bevoegdheid:

9.9.1 Om regulasies te maak, mits sodanige regulasies nie in stryd met hierdie grondwet is nie.

9.9.2 Om lede of enigiemand anders te koöpteer wat, uit hoofde van hulle spesiale kwalifikasies, die Komitee van hulp sal wees en het die bevoegdheid om te besluit of sodanige gekoöpteerde lede stemreg het al dan nie.

9.9.3 Om 'n lid vir sodanige tydperk as wat die Bestuurskomitee besluit, te skors weens 'n oortreding van hierdie grondwet of enige optrede wat deur die Komitee beskou word as in stryd met die oogmerke van die VERENIGING of tot nadeel van die bedryf.

9.10 Die Bestuurskomitee doen aan die Algemene Jaarvergadering verslag oor die werksaamhede van die VERENIGING binne drie maande na die einde van elke boekjaar.

10. SEKRETARIS/TESOURIER

10.1 Die Bestuurskomitee stel 'n persoon of 'n regspersoon as Sekretaris/Tesourier aan, wat die hoofbeampte van die VERENIGING sal wees.

10.2 Die pligte van die Sekretaris/Tesourier is onder andere:

10.2.1 Om 'n register van lede van die VERENIGING by te hou;

10.2.2 Om die boekhuoding van die VERENIGING te behartig;

10.2.3 Om die sekretariële werk in verband met konferensies, algemene vergaderings en komiteevergaderings te behartig; en

10.2.4 Om die geouditeerde finansiële rekeninge vir elke boekjaar aan die Algemene Jaarvergadering voor te lê.

11. AANSTELLING VAN OUDITEUR

Die VERENIGING stel jaarliks 'n ouditeur vir die VERENIGING aan.

12. ALGEMENE VERGADERINGS

12.1 'n Algemene Jaarvergadering word binne drie maande nadat die boekjaar ten einde geloop het, gehou met die doel om:

12.1.1 die Voorsitter se verslag oor die jaar se werksaamhede te oorweeg;

12.1.2 die balansstaat vir die jaar te oorweeg en te aanvaar;

12.1.3 enige algemene sake, insluitende klagtes wat van lede ontvang is, te behandel; en

12.1.4 om 'n ouditeur vir die daaropvolgende jaar vir die VERENIGING aan te stel.

12.2 Die Voorsitter en een lid van die Bestuurskomitee kan 'n Spesiale Algemene Vergadering belê wanneer hulle dit ook al goed ag.

12.3 'n Spesiale Algemene Vergadering word voorts te eniger tyd belê indien die Sekretaris 'n skriftelike versoek, geteken deur minstens drie gewone lede van die VERENIGING wat hulle heffings betaal het, ontvang, ten einde die sake te bespreek wat uitdruklik in sodanige versoek vermeld word.

13. PROSEDURE OP ALGEMENE VERGADERINGS

13.1 Die Voorsitter van die VERENIGING, of, in sy afwesigheid, die Vise-voorsitter, sit voor op enige Algemene Vergadering.

13.2 Die Voorsitter se besluit oor enige punt van orde of prosedure-aangeleentheid is beslissend.

13.3 Alle Algemene Vergaderings word belê deur middel van 'n kennisgewing wat minstens twee weke voor die datum van die vergadering gepos word en sodanige kennisgewing bevat die datum, plek en tyd van die vergadering en die aard van die sake wat behandel sal word.

13.4 'n Kworum bestaan uit tien persent van die bestaande lede van die VERENIGING wat hulle ledegeld betaal het.

13.5 Indien daar nie binne vyftien minute na die aanvangstyd wat vir die vergadering bepaal is, 'n kworum aanwesig is nie, word die vergadering 'n uur lank uitgestel en indien daar dan nog nie 'n kworum aanwesig is nie, word die vergadering voortgesit en maak die aanwesige lede 'n kworum uit.

13.6 Elke saak wat vir beslissing aan die vergadering voorgelê word, behalwe waar hierdie grondwet anders bepaal, word deur 'n meerderheid van stemme beslis. In die geval van 'n staking van stemme, hetsy deur die opsteek van hande of deur middel van stembriefies, het die Voorsitter benewens sy raadplegende stem, ook 'n beslissende stem.

14. WYSIGING VAN GRONDWET

Geen veranderings mag aan hierdie grondwet aangebring word nie, tensy sodanige veranderings goedgekeur is op 'n Algemene Vergadering wat spesiaal vir dié doel belê is.

15. HEFFINGS EN LEDEGELD

15.1 Alle gewone lede wat mango's op kommersiële skaal produseer, betaal 'n heffing teen 'n tarief deur die Bestuurskomitee bepaal en deur die Algemene Jaarvergadering goedgekeur.

15.2 Alle gewone lede wat nie mango's op kommersiële skaal produseer nie, betaal 'n jaargeld deur die Bestuurskomitee bepaal en deur die Algemene Jaarvergadering goedgekeur.

15.3 Alle mededede betaal 'n jaarlikse ledegeld deur die Bestuurskomitee bepaal en deur die Algemene Jaarvergadering goedgekeur.

16. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING

16.1 Die VERENIGING word ontbind as minstens twee derdes van die stemgeregtigde persone aanwesig op 'n Spesiale Algemene Vergadering wat spesiaal vir dié doel belê is, ten gunste van sodanige ontbinding stem.

16.2 'n Mosie vir die ontbinding van die VERENIGING word nie oorweeg nie, tensy alle lede ten minste twee maande voor die datum waarop sodanige mosie oorweeg word, deur die Bestuurskomitee daarvan in kennis gestel is.

16.3 Indien die VERENIGING ontbind word, word alle eiendom en/of fondse van die VERENIGING na die Navorsingsinstituut vir Sitrus- en Subtropiese Vrugte, Nelspruit, oorgedra.

17. ALGEMEEN

17.1 Alle mededelings moet aan die Sekretaris gerig word.

17.2 Die adres van die VERENIGING is die adres van die Sekretaris.

17.3 Hierdie grondwet word onmiddellik van krag na goedkeuring deur die Spesiale Algemene Vergadering wat spesiaal vir die doel belê is.